

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 12
12 April 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

SKOOLDRAG
Ons bevestig net weer dat die leerlinge nog steeds somersdrag aantrek. Ons sal mettertyd vir die kinders ‘n spesifieke datum gee wanneer wintersdrag verpligtend sal wees.

OPE-AAND: DINSDAG 16 APRIL 2019: GRAAD R - 7
Ons sal dit waardeer indien u die ope-aand vir voornemende ouers by u familie, vriende en ander bekendes kan adverteer. Sien gerus die inligtingstuk wat op D6 gelaai word. Dit vind in die skoolsaal om 18:00 plaas. By voorbaat dankie vir u ondersteuning en samewerking.

LANGNAWEEK
Die skool sluit Donderdag, 18 April 2019 vir ‘n lekker lang naweek en maak eers weer oop op Dinsdag, 23 April 2019. **Donderdag 18 April gaan ons ‘n Vrydagrooster volg wat beteken die skool sluit dan om 12:35 vir al die leerlinge.** Daar sal ook geen sport die middag wees nie.

FACEBOOK BLAD: SKOOLKLERE
Die Facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop.
Ons is tans op soek na iemand wat dit sal oorneem as administrateur. Dit behoort 'n kranige Facebooker te wees wat gereeld op Facebook is en wat nog baie jare as ouer diens sal doen by ons. U moet net by die groep aanteken en vir my boodskap stuur dat u belangstel om die administrateur te wees. By voorbaat dankie vir u ondersteuning hiermee.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
Dis vanaand, Vrydag, 12 April weer tyd vir ons ouer-en-kind-tennisaand wat elke eerste Vrydag van die maand, om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Met die uitstekende wyse waarop hierdie aande ondersteun word weet ons dat daar weer heelwat paartjies op die baan gaan kompeteer.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help, (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet my asseblief wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

KULTUURAAND MET NATASHA JOUBERT : WOENSDAG, 12 JUNIE 2019
Ons beplan 'n kultuuraand saam met die bekende sangeres, Natasha Joubert, vir Woensdagaand, 12 Junie 2019 in ons skoolsaal. Die kore sal ook saam met haar optree. Maak solank 'n afspraak in u dagboek. Die kaartjies sal binnekort by Mev. Laas in die kantoor en gasvrouens beskikbaar wees.

VOLKSKOOL-SPORTDAG
Sodra ons die program ontvang van die betrokke skole stuur ons al die inligting in verband met die Volkskool-sportdag op 27 April 2019. Elke graad is verantwoordelik vir 'n stalletjie:

Graad R : Lekkergoed
Graad 1 : Slap tjips
Graad 2 : Koeldrank
Graad 3 : Koffiepot
Graad 4 : Pannekoek
Graad 5 + 6 : Vleispaleis
Graad 7 : Kaartjies

Ons vertrou dat ons op soveel ouers as moontlik kan staatmaak om iewers betrokke te raak om van die dag 'n groot sukses te maak.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam verskaf, en/of bewys na fin@lnpark.co.za e-pos.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal ‘n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Moeilike keuses word makliker wanneer jy besef dat God steeds daar sal wees as jy klaar gekies het. Maak nie saak wat jy gekies het nie.
Braam Hanekom

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 15 April	:	Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Netbal: 0/13A teen Greenwood **14:30 (t)** Netbal: 0/12A teen Greenwood **14:30 (t)**
Di – 16 April	:	Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Skaak: graad 1 – 2 **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7 **14:20 – 15:15** Ope-Aand **18:00**
Wo – 17 April	:	Klerewinkel: ***12:00-14:30*** Rugby: 0/13 A teen Tjaart vd Walt **15:00 (w)** Rugby: 0/9 A teen Diaz **14:30 (w)** Netbal: 0/11 teen Greenwood **14:30 (t)** Netbal: 0/10 teen Greenwood **14:30 (w)**
Do – 18 April	:	SKOOL SLUIT: **12:35** en heropen op Dinsdag, 23 April 2019

SPORT & KULTUUR

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
10 April	0/13A	Parsons Hill	LNP wen 32 – 5
10 April	0/11A	Walmer-Wes	LNP verloor 17 – 0
10 April	0/9A	Mount Pleasant	LNP verloor 12 – 0 Jaco Jacobs (gr. 3D) was aangewys as speler van die wedstryd

NETBAL OOS-KAAP-PROEWE: 0/12

Hartlik geluk aan Mikayla Schoultz wat op Woensdag, 10 April aan die metro-proewe deelgeneem en ook deurgedring het na die Oos-Kaap-proewe wat op 12 – 13 April in Oos-Londen gaan plaasvind.

IRON KIDS: 6 APRIL 2019

Baie geluk aan Roshaan Wolmarans in graad 6E, Hano van Rooyen in graad 4S, Wian van Rooyen in graad 4DE, Tessa van der Merwe in graad 2C en Juwan Wium in graad 7D wat aan die Iron Kids, waar atlete 100m geswem en daarna 'n 1.2km padwedloop gedoen het, deelgeneem ook medaljes vir hul deelname ontvang het.

TALENT AFRICA : NATIONALS

Karla van Rooyen in graad 7D en Mia Beer in graad 4B het op 5 en 6 April aan die nasionale "Talent Africa"-kompetisie deelgeneem.

Karla het vir haar ballet-items 1 silwer en 1 goue medalje ontvang. Mia het vir die onderstaande items die volgende medaljes ontvang:

Solo modern:	Silwer
Solo Jazz:	Brons
Jazz Group:	Brons
Turn me up some Group Hip Hop	Silwer

Baie geluk!

SA KAMPIOENSKAPPE VIR UITVOERENDE KUNSTE

Mé-Jean du Preez en Tiaan Riekert in graad 5V, en Miané Strydom in graad 4DE het aan die SA kampioenskappe vir uitvoerende kunste wat vanaf 29 Maart – 6 April 2019 in Rustenburg plaasgevind het, deelgeneem. Hulle het uitstekend presteer en Mé-Jean en Tiaan het deurgedring na die Wêreld-kampioenskappe vir uitvoerende kunste wat gedurende Julie in Los Angeles gehou gaan word. Baie geluk!